



## MINI REEKS: KAT EN HOND TEOLOGIE – Deel 1



DINK EN GESELS SAAM OOR DIE VOLGENDE STELLING EN DIE VRAE WAT DAAROP VOLG:

**Honde sê: “Jy versorg en vertroetel my en gee vir my liefde... jy is sekerlik God.”**

**Katte sê: “Jy versorg en vertroetel my en gee vir my liefde... ek is sekerlik god.”**

1. **N.a.v. die stelling hierbo...** hoe kan ons sê dat ons in ons geloof ook “mense” kry (ons is natuurlik almal op ’n manier skuldig hieraan en deel van hierdie “mense”) wat in sekere aspekte soos honde en katte optree in hul (ons) verhouding met God? M.a.w.: is dit waar dat hierdie stelling ook vir ons geloofslewe waar is? Verduidelik hoekom jy so sê. Maak sommer van hierdie geleentheid gebruik om bietjie verder uit te brei en kreatief te gesels oor die metafoer van “kat en hond teologie”.

2. **Kyk na die teksgedeeltes regs:** Hoe sal ons lewens anders lyk as ons leef vanuit die beginsel dat alles wat bestaan en alles wat gebeur **tot eer van God** is en nie noodwendig t.w.v. die mens nie?

3. Met die inhoud van die antwoorde op die vorige twee vrae in die agterkop: **hoekom het God ons deur Christus gered (dink hier bietjie vêrder as “sodat dié wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê”)?** Deur geloof in God deur Jesus, is ons verseker van ’n ewige lewe saam met God in die hemel. Dit is ’n wonderlike wete! **Hoe kan ons, as geredde mense, leef sodat die reddingsvreugde wat ons ervaar na voorskyn kom?**

4. As jy vrymoedigheid het om dit te doen, deel met die groep iets oor jou gebedslewe (persoonlik, of as deel van ’n groep soos ’n taakspan of Bybelstudiegroep): **Waar bid jy (julle) soos katte en waar soos honde?**



5. Kom ons dink aan ons eie gemeente: **waar dink jy pas ons in i.v.m. die spotprent links?** (Onthou: dit kan wees dat ons met sekere aspekte soos katte en met ander aspekte soos honde funksioneer. Differensieer daarom in jul antwoord op hierdie vraag. Dit kan ook wees dat ons iewers tussen die twee lê wat sekere ander aspekte aanbetref.)

**Rom. 15:8-9** <sup>8</sup>Ek bedoel dit: Christus het gekom om in belang van die Jode 'n dienaar te word; Hy moes vir hulle die waarheid van God bevestig deur die beloftes wat die voorvaders ontvang het, waar te maak. <sup>9</sup>**Hy het ook gekom sodat die ander nasies God oor sy ontferming sou verheerlik...**

**Op. 4:11** <sup>11</sup>“Here, ons God, U is waardig om die heerlijkheid en die eer en die mag te ontvang **omdat U alles geskep het; deur u wil het alles ontstaan en is dit geskep.**”

Dit kan wees dat ons iewers tussen die twee lê wat sekere ander aspekte aanbetref.)